

# Familietrusts uit voordele belas

Die skrif was al geruime tyd aan die muur vir die sogenaamde familietrusts - daar vir almal om te sien. Maar ongelukkig is niemand so blind soos dié wat nie wil sien nie.

Ek waarsku die afgelope paar jaar al teen die onoordeelkundige aanwending van trusts, opgedring aan niksvermoedende kliënte deur trustsmouse wat meer in hul eie inkomste belang stel as in die voortgesette finansiële heil van hul kliënte. Baie trusts is opgerig nie om die boedelbeplanningsvoordele wat dit inhou nie, maar om belastingkortpaaie te loop.

En die reaksie van die tesourie? Hy kan nie die trustidee self kelder nie - 'n trust is immers nie veel meer as 'n kontrak tussen mense nie. Maar hy kan trusts belas - skoon uit sy voordele uit, as dit moet.

Van dié week af word trusts teen 45% op die inkomste belas, van die eerste rand af. Die kapitaalwinsbelasting (KWB) is 36%. Individue betaal inkomstebelasting van 18% en die 45% marginale koers tree eers ná 'n belasbare inkomste van R1 500 000 in werking. En die KWB is tussen 0% en maksimum 18%.

En dan kry individue vrystellings op rente (R23 800 vir diegene onder 65 en R34 500 vir diegene wat ouer as 65 is) en op 'n kapitaalwins van R40 000 per jaar. Net 40% van die kapitaalwins word in berekening gebring teenoor 80% in die geval van trusts.

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

Wat hou dit in vir trusts?

As 'n boedelbeplanningsmeganisme sien ek steeds waarde in 'n trust, maar ek sal mense aanraai om werklike trustkundiges te betrek by hul beplanning. Nie almal wat 'n trust kan oprig weet wat hulle doen nie - dit lees ons byna weekliks in trustaktes wat ons onder oë kry.

As 'n beleggingsvoertuig het dit beperkte waarde. As die doel is om vir naasbestandes te sorg, is dit goed. Net om bates uit jou boedel te wil hou om boedelbelasting te vermy of te beperk, is sedert dié week minder sinvol.

Maak dit sin om boedelbelasting te bespaar teen 20%, maar dan onderskeidelik 45% en 36% te betaal op groei in die belegging? Nie volgens my wiskunde nie.

Met die nuwe art. 7C van die Inkomstebelastingwet is rentevrye lenings aan trusts ook nou taboe as jy nie rente wil eis van die trust nie. En as jy dit doen, dan self belasting daar-

op gaan betaal teen jou marginale koers. Of as jy dit nie eis nie, geskenkebelasting gaan betaal op dit wat jy nie eis nie. Dit is kortweg die belastingdilemma.

Hoe kan 'n mens dit hanteer?

Ja, die trust kan jaarliks die groei en kapitaalwins uitkeer aan begunstigdes wat dan in hul eie naam as individue daarop belas sal word. Maar dan het daardie begunstigde 'n gevestigde belang daarop en verloor jy juis die beskerming wat die trust behoort te bied. Sinloos.

Trustgeld kan belê word in 'n polis (pasop net vir die hoë vooruitbetaalde koste en kommissie van versekeraars) wat in die polishouersfonds belas word teen 30% op die inkomste en 12% KWB. Belangrik hier is die vereiste vyfjaar-termyn.

As aan al die vereistes voldoen word, skep dit 'n geleentheid om ná die vereiste vyf jaar 'n belastingvrye inkomste aan begunstigdes uit te keer. Dit is as die trustees sou wou. Dit is nie nodig om soos ek hierbo noem die geld te "moet" uitkeer net om belasting te beperk wat jy voor jou siel geweet het van toepassing gaan wees nie.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com); Twitter: @Nicovangijsen